Hoe om wors op ’n vuur gaar te maak

Graad R tot 12

Dit is altyd lekker om wors op ’n vuur gaar te maak. Hier is verskillende metodes.

Onderwerpe: Veldkook, Kampkook

Stappe

1. **Metode 1:** Soek ’n dunnerige stokkie. Maak die stokkie skoon. Steek die wors daardeur en rooster oor die kole.
2. **Metode 2:** Draai die wors in koerantpapier toe.

   Gooi die pakkie direk op kole. Die koerantpapier sal swart word, maar behoort nie aan die brand te slaan nie. Die vet van die wors maak dat die koerantpapier nie brand nie.
3. **Metode 3**: Draai wors in tinfoelie toe, blink kant na binne. Gooi direk op die kole.
4. **Metode 4**: Rooster oor kole. Jy benodig ’n rooster en vuur. Laat elke persoon self sy wors gaarmaak. Sorg dat daar genoeg braaitange is.
5. Sing die liedjie:

   Dis net ’n worsie anderhalf duimpie,
   bo-op ’n snytjie botter en brood
   Dis net ’n worsie anderhalf duimpie,
   bo-op ’n snytjie botter en brood
   Maar in ons hart is daar geen smart,
   dis volg van vreugde:
   Ons het die worsie na binne gestuur!
   (Ja! Ja! Ja! Ja!)
   Dis net ’n worsie anderhalf duimpie
   bo-op ’n snytjie botter en brood.

6. Sing “Wat maak ’n kamp so lekker”. Hierdie liedjie is groot pret saam met bewegings (Liedjie 72 in sangbundel)
   Maak bewegings vir
   - kamp (vorm ’n driehoek met wysvingers en duime)
   - lekker (hou duim in die lug)
   - koffie – maak of jy koffie uit ’n beker drink
   - pap – klap hande op mekaar
   - wors – maak met hande ’n wors

Wenke

1. Maak stokbrood saam met die wors.
2. Laat die kinders self die vuur maak.

Waarskuwings

1. Daar moet deurentyd ’n volwasse persoon toesig hou.
2. Gee vir elke persoon net ’n klein stukkie wors. Probeer enige vermorsing vermy.